| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2025 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 9 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. **Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk soos vervat in die KABV-dokument.**

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA – DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN OM VREDE TE MAAK MET DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT TANS

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN OM VREDE TE MAAK MET DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. **AFDELING A** bestaan uit **DRIE** brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om die vrae te beantwoord, kan in die **ADDENDUM** gevind word.

3. **AFDELING B** bestaan uit **DRIE** opstelvrae.

4. Beantwoord **DRIE** vrae soos volg:

   4.1 Ten minste **EEN** vraag moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste **EEN** vraag moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die **DERDE** vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Die toepassing van kennis, vaardighede en insig word ook geassesseer wanneer vrae beantwoord word.

6. Jy sal benadeel word indien jy bloot die bronne as antwoorde herskryf.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

8. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

*Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.*

### VRAAG 1: HOE HET PRESIDENT PW BOTHA SE RUBICON-TOESPRAAK DIE OPPOSISIE TEEN DIE APARTHEIDSREGERING IN DIE 1980's VERSTERK?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D om die vrae wat volg te beantwoord.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Na watter land verwys PW Botha in die bron? (1x1) (1)

1.1.2 Watter stelsel verwerp die Nasionale Party, aldus Botha? (1x2) (2)

1.1.3 Definieer die begrip *wit minderheid* in die konteks van Suid-Afrika in die 1980's. (1x2) (2)

1.1.4 Lewer kommentaar op die implikasies van die stelling: '... as gevolg van die wêreldresessie-omstandighede, kon Suid-Afrika ..., nie vordering maak nie ...' deur president PW Botha. (2x2) (4)

1.1.5 Volgens die bron, in watter opsigte was Suid-Afrika gevorderd? (3x1) (3)

**(12)**

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Haal EEN bewys uit die bron aan wat daarop dui dat PW Botha en sy regering wou hê dat apartheid in Suid-Afrika moes voortduur. (1x1) (1)

1.2.2 Gee TWEE redes uit die bron wat deur Tambo gegee is om te sê dat Botha beweer dat hy 'n demokraat is. (2x1) (2)

1.2.3 Wat dink jy sou die gevolge wees as Botha nie bereid was om die politieke atmosfeer in Suid-Afrika te verander nie? (1x2) (2)

1.2.4 Lewer kommentaar op die beperking van hierdie bron vir 'n historikus wat die ANC se reaksie op Botha se Rubicon-toespraak navors. (2x2) (4)

1.2.5 Volgens die uittreksel, watter voorwaarde het PW Botha vir die vrylating van Nelson Mandela en ander politieke gevangenes geëis? (1x1) (1)

**(10)**

© SACAI KOPIEREG

1.3 Lees Bron 1C.

1.3.1 Verduidelik die boodskap wat deur die spotprent oorgedra word. (1x2) (2)

1.3.2 Wat beeld Botha, as die leier van die land, se gesigsuitdrukking uit? (1x2) (2)

1.3.3 Watter organisasie eis volgens die bron ’n bestaansloon? (1x1) (1)

**(5)**

1.4 Bestudeer Bron 1D.

1.4.1 Haal TWEE bekommernisse van aartsbiskop Tutu oor die reaksie van Suid-Afrikaners op die Rubicon-toespraak uit die bron aan. (2x1) (2)

1.4.2 Hoe het die volgende volgens die bron op PW Botha se toespraak gereageer?

(a) Kritici (1x1) (1)
(b) Senior amptenare van die Reagan-administrasie (1x1) (1)
(c) Chester A Crocker (1x1) (1)

1.4.3 Lewer kommentaar op die rede waarom aartsbiskop Tutu strafsanksies teen die Suid-Afrikaanse regering oorweeg het. (2x2) (4)

1.4.4 Verduidelik hoekom jy dink amptenare van die Reagan-administrasie Botha se Rubicon-toespraak gekritiseer het. (2x2) (4)

**(13)**

1.5 Verwys na Bron 1B en Bron 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1D met betrekking tot die reaksie op Botha se Rubicon-toespraak ondersteun. (1x2) (2)

**(2)**

1.6 Gebruik die inligting uit die relevante bronne én jou eie kennis, en skryf ’n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe president Botha se Rubicon-toespraak die teenkanting teen die apartheidsregering verskerp het. **(8)**

**TOTAAL VRAAG 1: [50]**

© SACAI KOPIEREG

**VRAAG 2: HOE HET DIE GRONDWET VAN DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGS-KOMMISSIE (WVK) GEHELP OM SLAGOFFERS VAN GROWWE MENSEREGTESKENDINGS TYDENS APARTHEID IN SUID-AFRIKA TE HANTEER?**

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D om die vrae wat volg te beantwoord.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Haal 'n bewys uit die bron aan om te bevestig dat die totstandkoming van die WVK 'n konsulterende proses was. (1x1) (1)

2.1.2 Identifiseer die wet wat die Waarheids-en-versoeningskommissie in 1995 gevestig het. (1x1) (1)

2.1.3 Meld, volgens die bron, enige TWEE pligte van die Waarheids-en-versoeningskommissie. (2x1) (2)

2.1.4 Definieer die begrip *versoening* in jou eie woorde. (1x2) (2)

2.1.5 Noem die DRIE komitees van die Waarheids-en-versoeningskommissie (WVK). (3x1) (3)

2.1.6 Deur die bron en jou eie kennis te gebruik, waarom is die WVK opdrag gegee om slegs gevalle van growwe menseregteskendings vanaf 1960 tot 1994 te ondersoek? (1x2) (2)

**(11)**

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Noem enige TWEE vryheidsbewegings wat voor die WVK verskyn het vir die oortreding van menseregte tydens apartheid. (2x1) (2)

2.2.2 Identifiseer TWEE handelinge uit die bron wat deur die WVK as growwe skendings van menseregte geklassifiseer word. (2x1) (2)

2.2.3 Volgens die bron en jou eie kennis, hoekom is daar van die lede van die bevrydingsbewegings verwag om voor die WVK te verskyn? (2x2) (4)

2.2.4 Wat was die belangrike kenmerke van die WVK, volgens die bron? (2x1) (2)

2.2.5 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die samestelling, en die pligte van die WVK, navors. (2x2) (4)

**(14)**

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Verduidelik die term *slagoffer* binne die konteks van die WVK. (1x2) (2)

2.3.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar oor hoekom daar in vergelyking met enige ander kantoor, meer slagoffers in Durban was. (1x2) (2)

**(4)**

2.4 Raadpleeg Bron 2B en Bron 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B verskil van bewyse in Bron 2C aangaande die slagoffers van growwe menseregteskendings. (1x2) (2)

**(2)**

2.5 Bestudeer Bron 2D.

2.5.1 Wie was volgens die bron die president van die ANC? (1x1) (1)

2.5.2 Hoekom, volgens jou kennis, het Mbeki gesê die ANC het 'ernstige bedenkinge' oor die WVK-verslag? (2x2) (4)

2.5.3 Wat was die TWEE aanbevelings van die WVK, volgens die bron? (1x2) (2)

2.5.4 Deur die inligting in die bron en jou eie kennis te gebruik, hoekom is minister Magnus Malan en ander amptenare van sy departement vrygespreek? (2x2) (4)

**(11)**

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne sowel as jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die grondwet van die Waarheids-en-versoeningskommissie die WVK gehelp het om slagoffers van growwe menseregteskendings in Suid-Afrika te hanteer. **(8)**

**TOTAAL VRAAG 2: [50]**

## VRAAG 3: WATTER ROL SPEEL BRICS IN DIE WÊRELDEKONOMIE VAN DIE 21STE EEU?

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D om die vrae wat volg te beantwoord.

3.1 Gebruik Bron 3A.

3.1.1 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat BRICS sy naam in 2010 verander het. (1x1) (1)

3.1.2 Gebruik bewyse uit die bron sowel as jou eie kennis en verduidelik wat geïmpliseer word deur die frase *globale ekonomie*. (1x2) (2)

3.1.3 Volgens die bron, wat was die gevolge van die stigting van die National Development Bank (NDB) en Contingent Reserve Arrangement (CRA) deur BRICS vir die globale wêreld? (2x1) (2)

3.1.4 Deur die bron en jou eie kennis te gebruik, hoe dra BRICS by tot die globale ekonomie? (2x2) (4)

**(9)**

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Identifiseer TWEE lande wat in 2023 by BRICS aangesluit het. (2x1) (2)

3.2.2 Waarom, volgens die bron, het Argentinië lidmaatskap van BRICS van die hand gewys? (1x1) (1)

3.2.3 Meld die besluit wat BRICS tydens die Johannesburg-beraad van 2023 geneem het om sy globale ekonomiese en politieke impak te verhoog. (2x1) (2)

3.2.4 Gebruik jou eie kennis sowel as die bronne en lewer kommentaar op die volgende konsepte:

a) Die globale suide (1x2) (2)
b) G7 (1x2) (2)

3.2.5 Vergelyk die bydrae van BRICS en G7 tot die globale ekonomie, soos deur die bron genoem. (2x2) (4)

**(13)**

© SACAI KOPIEREG

3.3 Lees Bron 3C.

3.3.1 Wat, volgens die bron, is die DRIE natuurlike en omgewingshulpbron-oorladings wat veroorsaak word deur die vinnige ekonomiese ontwikkeling en groei van BRICS-lande? (3x1) (3)

3.3.2 Lewer kommentaar op die frase *geopolitieke spanninge* in die konteks van die uitdagings van BRICS se leiers. (2x2) (4)

3.3.3 Hoekom dink jy is daar spesifiek 'n omgewingshulpbronoorlading in China en Indië? (1x2) (2)

3.4 Verwys na Bron 3B en Bron 3C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B inligting in Bron 3C weerspreek met betrekking tot die impak van BRICS op die globale ekonomie. (2x2) (4)

**(13)**

3.5 Lees Bron 3D.

3.5.1 Identifiseer die BRICS-lidlande wat in die spotprent uitgebeeld word wat ekonomiese groei ervaar. (2x1) (2)

3.5.2 Waarom, volgens die bron, ervaar die volgende lande nie ekonomiese groei nie?

a) Rusland (1x1) (1)
b) Brasilië (1x1) (1)
c) Suid-Afrika (1x1) (1)

3.5.3 Lewer kommentaar oor die partydigheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die bydrae van BRICS tot die globale ekonomie ondersoek. (1x2) (2)

**(7)**

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne sowel as jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) en verduidelik die rol wat BRICS in die globale ekonomie speel. **(8)**

**TOTAAL VRAAG 3: [50]**

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING B: OPSTELLE

*Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.*

### VRAAG 4: BURGERLIKE WEERSTAND IN SUID-AFRIKA IN DIE 1970's EN 1980's

Steve Biko en die filosofie van Swart Bewussyn het gedurende die 1970's en die 1980's 'n groot rol gespeel om politieke aktivisme en organisasie in Suid-Afrika te laat herleef.

Stem jy saam met die stelling? Ondersteun jou argument met relevante voorbeelde. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN OM VREDE TE MAAK MET DIE VERLEDE

Die proses van onderhandelinge vir 'n demokratiese Suid-Afrika was gevul met geweld en spanninge, wat die geboorte van 'n nuwe Suid-Afrika amper ontspoor het.

Stem jy saam met die stelling? Gebruik relevante voorbeelde om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

Gorbatsjof se hervormings, wat tot die ineenstorting van die Sowjetunie in 1989 gelei het, was grootliks verantwoordelik vir die politieke veranderinge wat in die vroeë 1990's in Suid-Afrika plaasgevind het.

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou argument met relevante voorbeelde. **[50]**

**GROOTTOTAAL: [150]**

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2025 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 14 |
| **ADDENDUM** | |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## VRAAG 1: HOE HET PRESIDENT PW BOTHA SE RUBICON-TOESPRAAK DIE OPPOSISIE TEEN DIE APARTHEIDSREGERING IN DIE 1980's VERSKERP?

### BRON 1A

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n artikel 'The Heart of Hope: Pre-Transition (1902–1989)' deur Phillip O'Malley, gepubliseer in 2002. Dit is deel van die toespraak deur staatspresident PW Botha, 15 Augustus 1985.

"Ons kan nie die feit ignoreer dat hierdie land 'n multikulturele samelewing is nie – 'n land van minderhede – wit minderhede sowel as swart minderhede.

Terwyl die Nasionale Party die multikulturele en poli-etniese aard van Suid-Afrika se bevolking aanvaar en respekteer, verwerp hy enige stelsel van horisontale differensiasie wat daarop neerkom dat een nasie of groep in ons land 'n ander of andere oorheers.

Ons glo in en handhaaf die beginsel van ekonomiese interafhanklikheid van die bevolkingsgroepe asook die aanvaarding van die behoorlik beplande benutting van mannekrag.

In hierdie verband het ons baie ver gevorder deur ons arbeidswette te moderniseer, die skepping van 'n Ontwikkelingsbank vir Suider-Afrika, sowel as 'n korporasie vir die Ontwikkeling van Kleinsake-aktiwiteite. Ons werk reeds op verskeie maniere saam deur multi-nasionale ministeriële komitees wat van tyd tot tyd vergader en positief in belang van Suid-Afrika as geheel werk.

Dit is waar dat Suid-Afrika, wat ook deur resessietoestande en oorbesteding op sommige terreine getref is, as gevolg van die wêreldresessie-omstandighede (afswaai) nie vordering kon maak soos ons sou verkies het nie.

Maar dit is nou algemeen bekend dat die amptelike ekonomiese strategie wat die afgelope twaalf maande in Suid-Afrika toegepas is, uitstekende resultate opgelewer het."

[Bron: https://omalley.nelsonmandela.org. Verkry op 9 Januarie 2025]

## BRON 1B

Die bron hieronder is ’n reaksie op PW Botha se ‘Rubicon-toespraak’: ’n ANC-persverklaring deur Oliver Tambo op 16 Augustus 1985 in Lusaka.

Gisteraand is die mense van Suid-Afrika en die res van die wêreld getrakteer op ’n arrogante herbevestiging deur PW Botha dat die apartheidstelsel onveranderd sal voortduur. In ’n tyd waarin elke denkende mens in ons land en in die buiteland sê apartheid moet nou beëindig word, kon die regerende groep nie anders as om homself te wys vir wat dit is nie – ’n kliek (groep) van geharde rassiste, nougesette (sal nooit van opinies verander nie) reaksionêre en bloeddorstige fascistiese spogpraters wat sal let op niemand behalwe hulself nie.

Terwyl Botha valslik beweer het dat hy ’n demokraat is, het hy die idee verag dat alle Suid-Afrikaners geregtig is om vir ’n regering van hul keuse te stem. Hy het herhaal dat hy vasbeslote is om Nelson Mandela en ander politieke gevangenes in die tronk te hou, en het aangebied om hul vrylating te oorweeg as hulle voorwaardes aanvaar wat hulle reeds verwerp het en sal voortgaan om te verwerp.

Die enigste oplossing wat deur die massas van ons mense aanvaar word, sentreer rondom die Freedom Charter en die strategie van die African National Congress (ANC). Die taak voor die ANC en ons mense is duidelik. Die Botha-regime moet as ’n saak van die grootste dringendheid vernietig word. Die gewapende stryd moet en sal verskerp word. Die massas van ons mense teen wie die Botha-regime ’n algehele oorlog verklaar het, moet en sal die volksoffensief eskaleer (vermeerder) om die apartheidsregeringstrukture te vernietig, om die kriminele rassistiese stelsel onwerkbaar te maak en om Suid-Afrika onregeerbaar te maak. Baie wit mense sal hul lewens verloor, soos die swartes reeds gedoen het. Baie eiendom sal vernietig word. Botha moet die skuld dra vir hierdie onvermydelike gevolge.

Ons wat die slagoffers is, is gereed om enige en alle opofferings te maak om geregtigheid en demokrasie te bewerkstellig, gebaseer op die beginsel van een man, een stem in ’n verenigde Suid-Afrika. Suid-Afrika het haar Rubicon oorgesteek.

[Bron: http://www.anc.org.za/1980s/pr850816.html. Verkry op 26 Oktober 2024]

**BRON 1C**

Die bron hieronder is 'n spotprent geneem uit 'n artikel, 'Business and the white minority state' deur O'Malley. Dit beeld COSATU uit wat veg vir 'n bestaansloon terwyl president PW Botha R135 000 per jaar verdien.




[Bron: https://omalley.nelsonmandela.org. Verkry op 9 Januarie 2025]

**PW se PAKKET**

**~~R105,000~~**

**R135,000.00**

**Salarispakket**

**COSATU VERENIG EN VEG VIR 'N BESTAANSLOON**

**BRON 1D**

Die bron hieronder is geneem uit 'n *Special New York Times*-artikel deur Sheila Rule, geskryf op 17 Augustus 1985. Dit het die kommentaar deur Biskop Tutu en die Amerikaanse regeringsverteenwoordigers se reaksie op president PW Botha se Rubicon-toespraak uiteengesit.

By 'n nuuskonferensie vandag by 'n Anglikaanse kerk, het biskop Tutu, die eerste swart biskop van Johannesburg en die wenner van die 1984 Nobelprys vir vrede, gesê hy is "taamlik verwoes" deur president PW Botha se toespraak, hoewel hy twyfel of swartes baie daarvan verwag het. Biskop Tutu het in 'n skerp antwoord aan president Botha gesê dat die vooruitsigte vir vreedsame verandering in Suid-Afrika 'feitlik nul' is en dat die nasie 'op die rand van 'n katastrofe (ramp)' is.

Biskop Tutu het die beoordeling gemaak, sy somberste nog, in reaksie op wat hy en baie ander swartes en teenstanders van die regering se rassebeleid beskou het as 'n ontstellende gebrek aan beduidende veranderinge in 'n toespraak deur mnr. Botha Donderdag in Durban.

Die biskop het gesê dat hy dalk die rooster van 18 tot 24 maande wat hy voorgestel het vir die soeke na strafsanksies teen die regering, moet heroorweeg. Hy het gesê dat hy die skedule uitgedink (bedink) het toe gebeure blykbaar in 'n rigting beweeg wat 'dit vir ons sinvol kan maak om te wag'.

Kritici het gesê in plaas daarvan om groot toegewings aan te bied, het mnr. Botha bloot bestaande beleid herhaal en slegs vae wenke gegee oor die moontlike verslapping van sommige van die boustene van apartheid. Senior amptenare van die Reagan-administrasie het gesê hulle is teleurgesteld oor die gebrek aan toegewing aan die swart meerderheid deur mnr. Botha, maar hulle het gesê hy bied die moontlikheid van onderhandelinge as 'n alternatief vir geweld.

Chester A. Crocker, die Amerikaanse Assistent-staatsekretaris van Buitelandse Sake, het gesê, mnr. Botha se toespraak het 'n 'hernude verbintenis tot hervorming' ingesluit. Die polisie het intussen gesê daar is 'n merkbare afname in geweld vandag in swart townships regoor die land. Teen vroegaand het hulle slegs geïsoleerde voorvalle van klipgooiery, min arrestasies, geringe beserings en geen sterftes aangemeld nie.

[Bron: *New York Times Newspaper,* 17 Augustus 1985. Verkry op 25 Oktober 2024]

## VRAAG 2: HOE HET DIE GRONDWET VAN DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGS-KOMMISSIE (WVK), DIE WVK GEHELP OM SLAGOFFERS VAN GROWWE MENSEREGTESKENDINGS TYDENS APARTHEID IN SUID-AFRIKA TE HANTEER?

### BRON 2A

Die bron hieronder is geneem uit ’n artikel geskryf deur aartsbiskop Tutu getiteld ‘Truth and Reconciliation Commission, South Africa’ soos gepubliseer in die *Encyclopaedia Britannica*. Die feite is gekontroleer deur die redaksie van *Encyclopaedia Britannica* en opgedateer op 16 Desember 2024. Die artikel het gefokus op die totstandkoming en die mandaat van die WVK.

Die Waarheids-en-versoeningskommissie (WVK) het ontstaan vanuit ’n gees van openbare deelname, aangesien die nuwe regering die menings van Suid-Afrikaners en die internasionale gemeenskap ingewin het oor die kwessie van die toestaan van amnestie sowel as die kwessie van aanspreeklikheid ten opsigte van vorige oortredings en vergoeding vir slagoffers. Die burgerlike samelewing, insluitend menseregteprokureurs, die godsdienstige gemeenskap en slagoffers, het ’n koalisie van meer as 50 organisasies gevorm wat aan ’n dialoog oor die meriete van ’n waarheidskommissie deelgeneem het. Hierdie konsultasieproses het ’n jaar geduur en het bygedra tot die wetgewing, die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening, Wet 34 van 1995 (die Wet), wat die WVK tot stand gebring het.

Die Wet het voorsiening gemaak vir die stigting van die WVK wat uit 17 kommissarisse bestaan het. Die kommissies het die taak gehad om menseregteskendings wat van 1960 tot 1994 gepleeg is, te ondersoek, insluitend die omstandighede, faktore en konteks van sulke skendings; om slagoffers die geleentheid te gee om hul storie te vertel; amnestie toe te staan; die opstel van ’n onpartydige historiese rekord van die verlede; en die opstel van ’n herstelbeleid. Laastens sou die WVK ’n verslag saamstel wat omvattende weergawes van die aktiwiteite en bevindings van die kommissie, saam met die aanbevelings van maatreëls verskaf, om toekomstige skendings van menseregte te voorkom.

Ten einde hierdie doelwitte te bereik, het die Wet drie komitees ingestel: Die Menseregteskendingskomitee, die Herstel-en-rehabilitasiekomitee en die Amnestiekomitee. Die kommissarisse is gekies deur ’n ope landswye nominasieproses en in die openbaar onderhoude te voer deur ’n onafhanklike keurpaneel wat bestaan het uit verteenwoordigers van al die politieke partye, die burgerlike samelewing en die godsdienstige liggame in die land. Nelson Mandela, destyds president van Suid-Afrika, het aartsbiskop Desmond Tutu as die voorsitter van die kommissie en Alex Boraine as die adjunkvoorsitter aangestel.

[Bron: https://www.britannica.com/topic/Truth-and-Reconciliation-Commission-South-Africa. Verkry op 28 Desember 2024]

© SACAI KOPIEREG

**BRON 2B**

Die bron hieronder is geneem uit ’n artikel geskryf deur aartsbiskop Tutu getiteld ‘Truth and Reconciliation Commission, South Africa’ soos gepubliseer in die *Encyclopaedia Britannica*. Die feite is gekontroleer deur die redaksie van *Encyclopaedia Britannica* en opgedateer en bygewerk op 16 Desember 2024. Die artikel het gefokus op die slagoffers van growwe menseregteskendings tydens apartheid.

Die primêre fokus van die kommissie was op slagoffers. Dit het meer as 22 000 verklarings van slagoffers ontvang en openbare verhore gehou waartydens slagoffers getuig het oor growwe skending van menseregte wat in die Wet gedefinieer word as marteling, moorde, verdwyning en ontvoerings, en erge mishandeling wat tydens die apartheidstaat gely is. Diegene wat gelei het onder skendings deur die bevrydingsbewegings – deur lede en leiers van groepe soos die African National Congress, die Inkatha Freedom Party en die Pan-Africanist Congress – het ook voor die kommissie verskyn. Die kommissie het meer as 7 000 amnestie-aansoeke ontvang, meer as 2 500 amnestieverhore gehou en 1 500 amnesties toegestaan vir duisende misdade wat gedurende die apartheidsjare gepleeg is.

’n Belangrike kenmerk van die WVK was sy openheid en deursigtigheid. Die openbare verhore wat die WVK gehou het, het verseker dat Suid-Afrikaners bewus geword het van die gruweldade wat gedurende die apartheidsjare gepleeg is.

[Bron: https://www.britannica.com/topic/Truth-and-Reconciliation-Commission-South-Africa. Verkry op 29 Oktober 2024]

**BRON 2C**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit die *Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK)* wat in 1998 gepubliseer is. Dit het gefokus op die nasionale statistieke van slagoffers van menseregteskendings, wat voor die WVK verskyn het en die totale hoeveelheid inligting wat deur elke kantoor ingesamel is.

| Kantoor | Verklarings afgeneem | Oortredings (growwe en geassosieer) | Growwe skending van mense-regte | Aantal slagoffers | Gemiddelde slagoffers per verklaring | Gemiddelde oortredings per slagoffer |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Kaapstad | 1 780 | 4 267 | 3 122 | 2 350 | 1,3 | 1,8 |
| Durban | 10 292 | 19 383 | 16 803 | 14 207 | 1,4 | 1,4 |
| Oos-Londen | 2 843 | 6 380 | 5 460 | 3 252 | 1,1 | 2,0 |
| Johannesburg | 6 381 | 16 666 | 11 550 | 8 941 | 1,4 | 1,9 |
| Totaal | 21 296 | 46 696 | 36 935 | 28 750 | 1,4 | 1,6 |

[Bron: TRC Final report. Volume 3. Chapter 1, Subsection 2, Volume 3, 1998. Verkry op 29 Oktober 2024]

**BRON 2D**

Die uittreksel hieronder is geneem uit 'n artikel 'Truth Commission: South Africa'. Dit is op 9 Desember 2006 aanlyn gepubliseer deur The United States Institute for Peace. Die bron fokus op die aanbevelings, ontwikkelings en herstelwerk ná 1995.

*Hervormings*

- Die verslag van die WVK is ten volle deur die regering onderskryf. President Mandela het namens die staat alle slagoffers om verskoning gevra. Adjunkpresident Thabo Mbeki het in sy hoedanigheid as president van die ANC gesê die ANC het "ernstige bedenkinge" oor die WVK se verslag.
- In 2006, ná druk van die burgerlike samelewing, het die regering 'n liggaam tot stand gebring om die implementering van die WVK se aanbevelings te monitor – veral herstelwerk en opgrawings.
- 'n Taakspan vir vermiste persone is gestig om slagoffers op te grawe en te herbegrawe en om ondersoeke na verdwynings voort te sit.

*Vervolgings*

- Die WVK-subkomitee het in talle gevalle amnestie geweier. Min verhore is in werklikheid gehou.
- Verskeie hoë-vlaklede van die voormalige polisie is skuldig bevind aan die poging tot moord op dominee Frank Chikane in 1989.
- Die verhoor van voormalige minister van verdediging Magnus Malan en negentien ander het in vryspraak geëindig …

*Herstelwerk*

- Daar was lang vertragings in die betaling van skadevergoeding. Die bedrag van skadevergoeding wat aan 21 000 slagoffers betaal is, was baie laer as die bedrag wat aanbeveel is. Die regering het geweier om die bedrag van die oorblywende geld wat vir herstelwerk gereserveer is, vry te stel.

[Bron: https://www.usip.org>1995/12>t. Verkry op 29 Oktober 2024]

## VRAAG 3: WATTER ROL SPEEL BRICS IN DIE GLOBALE EKONOMIE IN DIE 21STE EEU?

### BRON 3A

Die uittreksel is uit ’n artikel ‘BRICS as a Driver of Global Economic Growth and Development’ geskryf deur Badar Alam Igdal. Dit is die eerste keer aanlyn gepubliseer op 21 Desember 2021. Dit verduidelik die positiewe impak van BRICS op die wêreldekonomie.

In 2001, toe die term BRIC (Brasilië, Rusland, Indië en China) deur Jim O’Neill geskep is, het ek op ’n referaat in ’n Duitse joernaal afgekom. Die titel van die referaat was ‘BRIC as ’n groep ongelykes’. Sedertdien was daar konstante groei en ontwikkeling in die BRICS-groep, en dit het na vore gekom as ’n krag om mee rekening te hou. In Desember 2010, nadat Suid-Afrika by die groep aangesluit het, het dit BRICS geword.

Die rol en die bydrae van BRICS is beduidend tot die wêreldekonomie in terme van bevolking (40%), BBP (20% nominaal en US$16,039 triljoen), gronddekking (30%), wêreldhandel (18%) en wêreldwye forex (US$4 triljoen). Sedert 2001 en tot einde van 2010, het die BRICS as ’n groep gewerk aan sektorale samewerking op baie gebiede, naamlik – wetenskap en tegnologie, handelsbevordering en -fasilitering, energie, gesondheid, onderwys, innovasie en bekamping van transnasionale misdaad. Tans beslaan sektorale samewerking meer as 30 vakgebiede. Hierdie gebiede het spesifieke voordele vir die bevolking van die groep lande meegebring.

In 2014 het die 11de beraad in Brasilië plaasgevind en instellings van strategiese en deurslaggewende belang is geskep soos New Development Bank (NDB) en die Contingent Reserve Arrangement (CRA). Dit het verreikende gevolge en implikasies vir die globale wêreld in die algemeen en BRICS-ekonomieë in die besonder ingehou. Albei die inisiatiewe dra aansienlik by tot die proses om ekonomiese groei te versnel, wat lei tot sosio-ekonomiese vooruitgang in die lidlande.

Gedurende die afgelope vyf jaar het NDB 70 infrastruktuur- en volhoubare ontwikkelingsprojekte goedgekeur ten bedrae van US$25,07 miljard, wat ook lenings insluit wat onder die NDB-noodbystandsfasiliteit aan die lidlande toegestaan is. Opvallend is dat Indië 18 projekte het wat US$6,9 miljard beloop.

[Bron: https://dol.org/10.1177/09749101211067096. Verkry op 31 Oktober 2024]

**BRON 3B**

Die bron hieronder is ’n uittreksel uit ’n artikel ‘Uitbreiding van BRICS: wat is die potensiële gevolge vir die globale ekonomie’ geskryf deur Fabio Grieco et al. Dit is op 13 Februarie 2024 in die *Bulletin de la Banque de France* gepubliseer. Die bron fokus op die gevolge van die uitbreiding van BRICS.

Die uitbreiding van BRICS op 1 Januarie 2024 om vyf nuwe lande in te sluit, is ’n nuwe fase in die blok se opkoms as ’n ekonomies-politieke mag. Nadat dit as ’n ekonomiese en finansiële akroniem begin het (O’Neill, 2001), het BRICS (Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika) geleidelik ontwikkel tot ’n meer formele politieke groepering. Sedert 2009 het sy vier stigterslede, waarby Suid-Afrika in 2010 aangesluit het, formeel by die Berade van Staatshoofde en Regerings vergader. By die 15de beraad in Johannesburg (22–24 Augustus 2023) het die groep ’n nuwe mylpaal bereik deur ses verdere opkomende en ontwikkelende lande (Argentinië, Egipte, Ethiopië, Iran, Saoedi-Arabië en die Verenigde Arabiese Emirate) te nooi om met ingang van 1 Januarie 2024 aan te sluit, hoewel Argentinië daarna geweier het ná Javier Milei se oorwinning in die Desember presidensiële verkiesing. Met dié uitbreiding het die nuwe “BRICS+” sy globale ekonomiese en politieke impak verhoog en sal volgens die Johannesburg-verklaring (15de BRICS-beraad, 2023) samewerking, solidariteit en strategiese vennootskappe in die ‘globale suide’ bevorder in ’n gees van toewyding tot inklusiewe multilateralisme.

BRICS+ dra beduidende (belangrike) demografiese en ekonomiese gewig, wat verantwoordelik is vir byna die helfte van die wêreldbevolking (46%, op vanaf 41% vir BRICS) in vergelyking met net minder as 10% vir die Groep van Sewe (G7): Verenigde State, Kanada, Japan, die Verenigde Koninkryk, Duitsland, Frankryk en Italië. BRICS is reeds verantwoordelik vir ’n groter aandeel in die wêreld se BBP (Bruto Binnelandse Produk) as die G7 (31,6%) teen koopkragpariteit (PPP – Purchasing Power Parity) in 2022, en die uitbreiding het hierdie aandeel tot meer as ’n derde (35,6%) in 2022 verhoog.China beklee egter steeds die dominante posisie binne die groep, wat verantwoordelik is vir 52% van sy totale BBP (teen PPP), wat soortgelyk is aan die Verenigde State se gewig binne die G7. Die gaping tussen BRICS+ en die G7 gaan verder vergroot danksy robuuste ekonomiese groei in ontluikende lande: volgens voorspelling deur die Internasionale Monetêre Fonds (IMF), sal BRICS+ in 2027 37,6% van die wêreld-BBP uitmaak. In vergelyking met 28,2% vir die G7.

[Bron: https://banque-france.fr.expansion-of-brics. Verkry op 31 Oktober 2024]

**BRON 3C**

Die uittreksel hieronder is uit ’n artikel ‘Die impak van BRICS-lande op die globale ekonomie: 2024 en verder’. Dit is geskryf deur Nick P, hoofspreker van Tokenization and Real World en gepubliseer op 8 Februarie 2024. Die fokus van die uittreksel is uitdagings vir BRICS se ontwikkeling.

Synde ’n deurslaggewende rolspeler in globale ekonomiese ontwikkeling te wees, ervaar BRICS-lande tans ’n groot aantal uitdagings wat voortspruit uit hul vinnige ekonomiese ontwikkeling. Daar is ’n hoë mate van omgewings- en natuurlike hulpbronoorlading in Indië, China en Brasilië, met toenemende vlakke van $CO^2$- en $SO^2$-vrystellings, water- en grondbesoedeling, en energievoetspore wat die neweproduk van vinnige groei is.

Die hedendaagse uitdaging vir BRICS-leiers spruit uit geopolitiek (met betrekking tot politiek, veral internasionale betrekkinge, beïnvloed deur geografiese faktore) spanninge wat baie van hulle in die gesig staar. Rusland word byvoorbeeld voortdurend uitgedaag deur die impak van Westerse sanksies sedert die inval in Oekraïne, terwyl China ’n halfgeleier-handelsoorlog met die VSA beleef. Nog ’n bron van spanning is die Amerikaanse ondersteuning van Taiwan – ’n voormalige deel van die Chinese grondgebied wat die PRC (Chinese Volksrepubliek) vasbeslote is om terug te kry.

Laastens, die reuse-uitdaging wat alle BRICS-leiers in die gesig staar, is die vertraagde tempo van ekonomiese groei, wat hulle kon volhou. Ná ’n paar dekades van vinnige, indrukwekkende ekonomiese vooruitgang, betree alle opkomende ekonomieë ’n onvermydelike ekonomiese verlangsaming. Met een derde van die wêreld wat verwag om deur ’n wêreldwye resessie in 2024 en daarna getref te word, kan BRICS-lande ook nie die gevolge van ’n ekonomiese afswaai vermy nie.

[Bron: https://www.linkedin.com.pulse/impact-brics-countries-global-economy-2024-nick-pagtel-mucif. Verkry op 1 November 2024]

**BRON 3D**

Die bron hieronder is ’n spotprent geteken deur Paresh Nath, deur CartoonStock vir Google.com. Die bron beeld ekonomiese prestasies van BRICS-lede op die globale ekonomie uit, en die redes agter hul nie-prestasie.




[Bron: https://www.images.app.goo.gl/mpdj3fym7rV9rqvP9. Verkry op 1 November 2024]

RESESSIE

KORRUPSIE

STAGFLASIE (die kombinasie van hoë inflasie, stagnante ekonomie groei en verhoogde ekonomiese werkloosheid.

BRASILIË

ONS GAAN BOONTOE

CHINA

BEGROTING

STADIGER …

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

https://baque-france.fr-expansion-of-brics

https://:dol.org/10./0974910121106709611777

https://www.anc.org.za/1980s/pr850816.html

https://www.britannica.com/topic/Truth-and-Reconciliation-Commission-South-Africa

https://:usip.org.1995/12.t

https://www.images.app.goo.gl/mpDJ3fYM7rV9rqvP9

https://www.linkedin.com.pulse/impact-brics-countries-global-economy-2024-nick-pagtel-mucif

https://omalley.nelsonmandela.org

*New York Times Newspaper*, 17 August 1985

*TRC Final report*. Volume3. Chapter 1. Subsection 2

*Truth and Reconciliation Commission, South Africa (TRC)* **|** Britannica